



HOËRSKOOL SWELLEN DAM HIGH SCHOOL

Tel: 028 – 514 1361

Faks/Fax: 028 – 514 1329

E-pos/E-mail: swellies@telkomsa.net

EKSAMENREËLINGS - JUNIE 2019

Die eksamens begin amptelik op Maandag, 20 Mei 2019 vir alle leerders. Raadpleeg asseblief die eksamenrooster wat alreeds uitgehandig is, asook op die Communicator sowel as die webtuiste beskikbaar is.

1. Graad 12-leerders

- Matrieks meld Maandag, 20 Mei om 08:00 by die mnr. Janse van Rensburg se klaskamer aan. Die gr. 12-leerders skryf vir die res van die eksamen in hierdie klaskamer, behalwe in die geval van RTT-Prakties.
- Hulle moet op die dae waarop hulle eksamen skryf, reeds om **08:00** by die eksamenlokaal aanmeld ongeag die lengte van die vraestel.
- Die werklike skryftyd van die eksamen begin om **08:30** en eindig sodra die tydsduur verstryk het.
- 'n 3h-vraestel begin 08:30 en eindig 11:30; 2h-vraestel begin 08:30 en eindig om 10:30, ens.
- Leerders sal toegelaat word om na 1½ uur (tydens 'n 3h-vraestel) en na 1 uur (tydens 'n 2h-vraestel) die lokaal te verlaat, as hulle klaar geskryf het. Ons doen egter 'n dringende beroep op alle ouers en leerders om die skryftyd optimaal te gebruik, aangesien ons in die verlede ervaar het dat leerders kyk hoe vinnig hul kan klaarmaak. Die Junie-eksamen is egter 'n belangrike eksamen veral vir leerders wat met hul Junie-punte moet aansoek doen vir keuringskursusse.
- Geen leerder sal toegelaat word om die eksamenlokaal in die laaste 20 minute van die skryftyd te verlaat nie.
- Die normale skoolreëls ten opsigte van voorkoms en gedrag geld nog steeds.
- Ouers moet toesien dat leerders al die nodige toerusting by hulle het soos bv. penne, potlode, tekenborde, gradeboë, ens. Leerders weet, want hulle is ingelig deur hul onderwysers. Geen skryfbehoeftes of toerusting mag gedurende die eksamensessies geleen word nie.
- Geen leerders word toegelaat om selfone of horlosies by hul te hê gedurende skryfsessies nie.

2. Grade 8 - 11

- Skooltye vir die grade sal van Maandag, 20 Mei vanaf 08:00 - 13:00 wees.
- Volgens departementele voorskrifte meld alle leerders om 08:00 aan by die skool en die skool sluit om 13:00 vir die volle duur van die eksamen.
- Leerders moet dus by die skool wees vir die volle 5 ure. Alle vraestelle sal om 13:00 klaar geskryf word en nie vroër nie.
- Indien ouers toestemming verleen dat leerders op die dae wat hul nie eksamen skryf nie, tuis mag studeer moet ouers die skool skriftelik in kennis stel. Voltooi asseblief die aangehegte tuisstudievorm en lewer dit asseblief voor Woensdag, 15 Mei by mev. Van der Merwe in. Indien 'n leerder nie hierdie opdrag nakom nie, sal hulle elke dag van afwesigheid 5 negatiewe punte ontvang. Koshuisleerders studeer op hul afdae by die skool.
- Daar sal voorsiening gemaak word vir leerders wat elke dag onder toesig by die skool wil studeer tot en met 13:00.
- Die normale skoolreëls ten opsigte van voorkoms en gedrag geld gedurende die eksamen. Ouers moet die verantwoordelikheid neem om toe te sien dat u kind binne die voorgeskrewe reëls bly.

- Ouers moet toesien dat leerders al die nodige toerusting by hulle het soos bv. penne, potlode, tekenborde, gradeboë, ens. Leerders weet, want hulle is ingelig deur hul onderwysers. Geen skryfbehoeftes, of toerusting mag gedurende die eksamensessies geleen word nie.

3. Afwesigheid

- Leerders wat tydens 'n eksamen-vraestel afwesig is, moet 'n **doktersertifikaat** inhandig vir **elke dag** en hierdie reëling geld vir gr. 8 - 12. 'n Briefie van die ouer of apteker is NIE aanvaarbaar nie. Indien daar versuim word om 'n doktersertifikaat in te handig, sal leerders ongelukkig nie punte vir die betrokke vraestel kan ontvang nie.
- Indien 'n leerder afwesig is gedurende die eksamen, moet die ouer asseblief aan die begin van die betrokke dag persoonlik met die skool skakel. **(Moet asseblief nie met die registeropvoeders skakel nie. U kan die afwesigheid aanmeld by mev. Henrico.)**
- Ons doen 'n dringende beroep op ouers om nie met versoeke die eksamen te ontwig nie. Die eksamenrooster is vroegtydig aan alle leerders gegee, sodat u u beplanning kan finaliseer.

4. Algemeen

- Tydens die eksamen verwag ons dat leerders ernstig oor hulle werk sal wees.
- Gereelde studietye te handhaaf van minstens 7 ure per dag. Dit sluit nie die studietye by die skool in nie!
- Skep vir hulle 'n studie-atmosfeer by die huis en beperk TV-tye en rondlopery.
- Stel doelwitte saam met u leerder op vir elke vak / leerarea.
- Daar sal wel sportoefeninge plaasvind tydens die eksamen – dit sal egter tot hoogstens 1 – 1½ uur per oefening beperk word en vooraf met betrokke leerders gereël word deur hulle onderskeie afrigters.
- **GEEN LEERDER SAL TOEGELAAT WORD OM 'N EKSAMENVRAESTEL OF GEDEELTE DAARVAN VOOR OF NA DIE VASGESTELDE DATUM EN/OF TYD AF TE LÊ NIE!**

5. Na afloop van die eksamen

- Die eksamen eindig op Maandag, 10 Junie 2019. Na afloop van die eksamen mag gr. 8 - 12 leerders op Dinsdag, 11 Junie tot Donderdag, 13 Junie tuis bly, met toestemming van hul ouers. Indien dit nie vir ouers moontlik is om leerders by die huis te akkommodeer nie, sal ons vir leerders toesig reël by die skool. Hierdie reëling moet op die tuisstudie briefie ingevul word.
- Gr. 11 - 12 leerders word aangemoedig om die **winterskool** wat plaasvind vanaf 11 - 13 Junie by die skool by te woon. Vakke aangebied is Fisiese Wetenskappe, Wiskunde, Lewenswetenskappe en Rekeningkunde. Hierdie klasse begin om 16h00 en sal ongeveer 20h00 klaarmaak. Volledige inligting sal nog deurgegee word rakende koste en reëlings.
- 'n Vorderingsverslag (rapport) sal aan elke leerder uitgehandig word op Vrydag, 14 Junie 2019. Geen rapporte sal egter voor Vrydag, 14 Junie om 10:30 aan enige leerder uitgehandig kan word nie.

Die skool sluit Vrydag, 14 Junie 2019 om 10:30

Vriendelike groete.

Nicholas Pelser
SKOOLHOOF



JUNIE-EKSAMEN 2019

Hiermee gee ek (ouer/voog)
toesteming dat

..... (leerder)
tuis mag studeer op die dae waarop hy/sy nie eksamen skryf nie.

(Merk asb. datums met 'n ✕)

Handtekening

20 Mei	21 Mei	22 Mei	23 Mei	24 Mei
27 Mei	28 Mei	29 Mei	30 Mei	31 Mei
3 Junie	4 Junie	5 Junie	6 Junie	7 Junie
10 Junie	11 Junie	12 Junie	13 Junie	